

Matteus 1:1-17

Eerste Sondag van Advent – Hoop

- ✓ As jy alleen is, maak gebruik van sosiale media of WhatsApp calls, Telegram of Zoom en doen dit saam met 'n geliefde
- ✓ Vergader op 'n gemaklike plek waar julle nie gesteur kan word nie.
- ✓ Stel jou selfoon sodat jy nie gepla word nie.
- ✓ Sorg dat 'n **pen en papier** byderhand is indien jy notas wil maak.

Ons ontmoet God

- ✓ Laat een van die gesinslede / groeplede 'n kers aansteek om ons te herinner dat Jesus ons hoop en ook die hoop vir die wêreld is.
- ✓ Laat iemand 'n gebed doen om God te dank vir die beloftes wat Hy aan ons gemaak het en vir die lig wat Hy in die wêreld gebring het.

Ons ontmoet mekaar

Groet mekaar met die volgende woorde:

O God van Hoop, Immanuel, God met ons. Ons bid dat U u lig in hierdie dae in ons hart sal laat skyn. Help ons om gereed te wees vir die dag en die uur wanneer Christus finaal verskyn. Leef in ons en help ons om in U te lewe. Vernuwe ons deur die krag van die Heilige Gees, sodat ons aanbidding, ons feesviering en ons voorbereiding vir U welgevallig sal wees – nou en vir ewig.

Luister na Ds Cor se voice note op verskillende platvorms (WA, fb, web, e-pos)

Ons lees die Woord (Matteus 1:1-17)

Vandag is die eerste Sondag van Advent. Advent is van die Latynse woord *adventus* afkomstig wat vertaal kan word met *aankoms* – ons herdenk die koms (die geboorte) van Christus en word ook herinner aan Sy wederkoms! Advent verwys na die 21-28 dae voor Kersfees waartydens ons as gelowiges onself instel en voorberei vir die viering van Kersfees. Die gewoonte in ons gemeente is dat ons vir die volgende 4 Sondae en op Kersdag 'n Adventskrans met 5 simboliese kerse gebruik. Ons steek tydens elke diens 'n kers aan wat ons herinner aan die *hoop, vrede, vreugde en liefde* wat Christus se koms na die wêreld vir ons gebring het. Jy kan ook by jou huis so Adventskrans opstel en elke Sondag 'n kers aansteek (week 3 word die ligroos kers aangesteek en op Kersdag die Christuskers).



Lees Matteus 1:1-17 hardop saam.

Ons teksvers is vers 1: “Die geslagsregister van Jesus Christus, die Seun van Dawid, die seun van Abraham.”

Ons ontdek die teks en praat saam

Voordat ons na die teks kyk, is dit belangrik om die 4 evangelies se inleidings te verstaan:

Matteus	Markus	Lukas	Johannes
Die geslagsregister van Jesus Christus	Die optrede van Johannes die Doper	’n Woord aan Teofilus (as bevestiging dat die evangelie betroubaar is)	Logos-himne (Woord het mens geword)
Die word gevolg deur Jesus se geboorte en die besoek uit die ooste	Geen inligting oor Jesus se geboorte word verskaf nie	Breedvoerige inligting oor Jesus se geboorte word verskaf	Geen inligting oor Jesus se geboorte word verskaf nie

Matteus is uniek dat dit begin met Jesus se geslagsregister. In Lukas 3:23-38 vind ons ook Jesus se geslagsregister. Dit is opmerklik dat in Lukas, die geslagsregister van Jesus se geboorte terug in tyd opgestel word, en eindig met die woorde...*seun van Adam, die seun van God*. Daar word ook nie enige vroue in Lukas se geslagregister genoem nie.

Die vraag is waarskynlik, hoekom begin Matteus (een ook die hele Nuwe Testament) met Jesus se geslagsregister? In die Grieks kan die woord geslagsregister met die “boek van oorsprong” vertaal word. In verse 1 tot 17 word Jesus se oorsprong bevestig. In hierdie verse kry ons die antwoord op *Wie is Jesus?* en *Vir wie het Hy gekom?*

Die Seun van Dawid

Hierdie benaming dui daarop dat Jesus 'n koningsfiguur uit die geslag van Dawid is (sien vers 6). Dit wys Jesus ook aan as die Messias. Die verwagting onder die Jode was dat die Messias uit die nageslag van koning Dawid sou kom. In 2 Samuel 7:12-16 het die profeet Natan die volgende boodskap aan Dawid oorgedra: ¹²*Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus, sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom 'n bestendige koningskap gee.* ¹³*Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koningskap vir altyd laat voortbestaan.* ¹⁴*Ek sal vir hom 'n vader wees en hy sal vir My 'n seun wees. As hy ontrou is, sal Ek mense gebruik om hom te straf, hom te kasty.* ¹⁵*Maar my trou sal Ek nie aan hom onttrek soos Ek dit aan Saul onttrek het om vir jou plek te maak nie.* ¹⁶***Jou koningshuis en jou koningskap sal vir altyd vas staan; jou troon sal altyd voortbestaan.***

Hierdie benaming dui Jesus as die Verlosser van Israel aan. Dit word bevestig in Matteus 1:21 *“Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.”*

- *Wat beteken die woord Verlosser vir jou?*
- *Hoekom is dit belangrik om Jesus as jou persoonlike Verlosser aan te neem?*

As ons in hierdie konteks moet vra, *Vir wie het Jesus gekom?*, dan sal die antwoord wees: Vir die Jode! In Matteus 10:5-7 stuur Jesus sy dissipels uit met die volgende opdrag: ⁵*Jesus het hierdie twaalf uitgestuur en die volgende opdragte aan hulle gegee: “Moenie met 'n pad na die heidennasies toe afdraai nie en moenie in 'n dorp van die Samaritane ingaan nie.* ⁶*Gaan liever na die verlore skape van die volk Israel toe.* ⁷*Gaan verkondig: ‘Die koninkryk van die hemel het naby gekom.’* As Seun van Dawid bring Jesus hoop en verlossing vir sy volksgenote.

Die seun van Abraham

Waar Lukas se geslagsregister tot by Adam teruggaan, begin Matteus by Abraham. Hierdie benaming van Jesus sou nie vir die Jode besonders gewees het nie. Elke Jood was immers 'n “seun van Abraham”. In die Joodse tradisie is Abraham egter nie net die vader van die Jode nie, maar ook van die proseliete. 'n Proseliet was 'n nie-Jood ('n heiden) wat tot die Jodedom bekeer is. Jesus kom nie net vir die Jode nie, maar vir alle mense! Matteus begin dus met die universele karakter van Jesus se koms, net soos wat die evangelie eindig in Matteus 28:19 met Jesus se opdrag aan die dissipels: *“Gaan dan na **al die nasies** toe en maak die mense my dissipels”*.

- *Hoekom is dit belangrik om te weet dat Jesus nie net vir die Jode gekom het nie?*
- *Wat beteken dit dat al die nasies dissipels gemaak moet word?*

Vier vroue in Jesus se geslagsregister

Dit is opmerklik dat dit nie groot vrouename uit die geskiedenis van Israel is wat hier genoem word nie (soos Sara, Rebekka, Ragel, Ester of Debora nie), maar ongewone name

vir 'n Joodse geslagsregister, naamlik Tamar (vers 3), Ragab en Rut (vers 5) en die vrou van Urija (vers 6). Al vier hierdie vroue was uitlanders:

- Tamar was 'n Arameër
- Ragab was 'n Kananeër
- Rut was 'n Moabiet
- Van Batseba se herkoms weet ons niks nie, maar die teks verwys spesifiek na haar as die “vrou van Urija”. In 2 Sam 11:3 lees ons dat hy 'n Hetiet was.

Hierdie vier vroue bevestig die universele en insluitende motief wat ons ook by die benaming seun van Abraham kry. **Jesus het gekom vir almal (alle nasies, volke, tale, gelagte en beslis vir alle sondaars).**

- Dink bietjie na oor die belangrike rol wat vroue in Jesus se verhaal gespeel het.
- Jy kan die volgende tekste gebruik – Matteus 26:5-6; Matteus 27:55-56 en Matteus 28:1-10

God se ingryping in die geskiedenis

Vers 17 verduidelik mooi die struktuur van die teks: “*Altesaam was daar dus veertien geslagte van Abraham af tot by Dawid, veertien van Dawid af tot by die Babiloniese ballingskap en veertien van die Babiloniese ballingskap af tot by Christus.*”

Ons kan dit soos volg voorstel:

14 geslagte

Abraham tot Dawid

14 geslagte

Dawid tot Babiloniese ballingskap

14 geslagte

Babiloniese ballingskap tot Christus

3 x 14

D+W+D

4+6+4

= 14

Die getalwaarde van die Hebreeuse konsonante vir Dawid se naam is 14. Die 3x14 geslagte skema bevestig Jesus as die Koning uit die geslag van Dawid. Daar is 'n stygende lyn in die geskiedenis van Israel vanaf Abraham tot by Dawid, dan 'n dalende lyn tot met die ballingskap, en dan weer 'n stygende lyn tot en met Jesus se geboorte. God se ingryping in

die geskiedenis met Jesus se geboorte is die vervulling van Sy beloftes wat baie mooi verwoord word in vers 22 en 23: ***Dit het alles gebeur sodat die woord wat die Here deur sy profeet gesê het, vervul sou word: "Die maagd sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem."*** Die naam beteken God by ons.

- Hoekom is dit belangrik om te weet dat Jesus se geboorte die vervulling van God se beloftes in die Ou Testament aan die volk is?
- Lees Jesaja 7:14

Dat Jesus se geboorte God se werk is, is duidelik uit vers 16: *Jakob was die vader van Josef, die man van Maria uit wie gebore is Jesus wat Christus genoem word.* Josef word nie Jesus se vader genoem nie, en Maria word nie Jesus se moeder genoem nie. Die passiewe manier waarop beide Josef en Maria in die teks genoem word, dui daarop dat Jesus se geboorte God se werk is en nie mense se beplanning of toedoen is nie. Dit is volledig God se beplanning en ingryping in die geskiedenis! Die 3x14 geslagte wat tussen Abraham en Jesus se geboorte verloop bevestig dit.

Jesus (die Verlosser) is die Christus (die Messias /die gesalfde van God), Hy is die Seun van Dawid (die Koning) en die seun van Abraham (vir alle mense). Hierdie teks bevestig dit. Jesus se oorsprong is by God en Hy is self God. Nie 'n veraf God nie, maar 'n God wat Immanuel is, elke dag by ons en saam met ons. Jesus is God wat mens geword het vir my en jou.

- Hoekom is dit belangrik om te weet dat Jesus God is wat mens geword het?
- Lees Filippense 2:5-11

My gebed is dat die teks jou opnuut aangeraak het oor die wonder van Jesus se koms meer as 2000 jaar gelede en jou sal help in jou voorbereiding vir die aankoms van Jesus. Aan die hand van die teks kan ons die volgende bely en bid:

Op hierdie Sondag van Hoop bely ons:

Ons hoop is in God en in sy Seun, Jesus Christus.

Hy is deur God aangewys om te oordeel oor alle dinge.

Hy is die een deur wie God belowe het om sy volk te verlos.

Op hierdie Sondag van Hoop bid ons:

O God van Hoop, Immanuel, God met ons. Ons bid dat U u lig in hierdie dae in ons hart sal laat skyn.

Help ons om gereed te wees vir die dag en die uur wanneer Christus finaal verskyn.

Ons bely saam

Kom ons bely ons geloof in die Drie-Enige-God deur die **Apostoliese geloofsbelydenis** saam op te sê:

1. Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.
- 2. En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;**
- 3. wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;**
4. wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;
5. wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;
6. wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,
7. van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.
8. Ek glo in die Heilige Gees.
9. Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;
10. die vergewing van sondes;
11. die opstanding van die vlees
12. en 'n ewige lewe.

Amen

Ons sing saam

Vriende, luister na die pragtige verwerking van **Somerkersfees**:

<https://www.youtube.com/watch?v=Rz4cOV0Mau0>

Ons leef en doen

Vriende, ons bid vir almal wat aangeraak is deur die reën en vloede van Maandag. Dankie aan almal wat vriende, bure, kollegas en vreemdelinge bygestaan het in hierdie tyd. Indien jy hulp benodig, kontak asb. die kerkkantoor.

Seën

Ontvang nou die seën van die Here en gaan in vrede: “*Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van **Jesus Christus**, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, **die heerser oor die konings van die aarde.**” Amen*